



PRO VERITATE

ROBERT ORR

A Presbyterian on an Anglican Pulpit

C. J. LABUSCHAGNE

Die Triomflied van Verworpenes

JAMES MOULDER

Beggar My Neighbour

J. A. SWANEPOEL

Confession and Witness

Jaargang VI, Nr. 2 | Volume VI, No. 2

June 15 Junie 1967



PRO VERITATE

REDAKSIE

REDAKTEUR:

Dr. B. Engelbrecht.

REDAKSIONELE KOMITEE:

Biskop B. B. Burnett; Eerw. J. de Gruchy; Eerw. A. W. Habelgaarn; Eerw. E. E. Mahabane; Eerw. J. E. Moulder; Ds. C. F. B. Naudé; (Voorsitter); Eerw. R. Orr; Prof. dr. A. van Selms.

ADMINISTRASIE/ KORRESPONDENSIE

SIRKULASIEBESTUURDER:

Dr. W. B. de Villiers.

Alle briewe vir die redaksie en administrasie aan: Posbus 487, Johannesburg.

INTEKENGELD

Intekengeld is vooruit-betaalbaar.

Land- en seepos: R1 (10/- of \$1.40) — Afrika; R1.50 (15/- of \$2.10) — Oorsee.

Lugpos: R2.00 (£1 of \$2.80) — Afrika; R3.50 (£1.17.6 of \$5.00) — Oorsee

Tjeks en posorders moet uitgemaak word aan Pro Veritate (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.

LET WEL

Die redaksie van Pro Veritate verklaar dat hy nie verantwoordelik is vir menings en standpunte wat in enige ander artikel van hierdie blad verskyn as die inleidingsartikel en redaksionele verklarings nie.

PRO VERITATE verskyn elke 15de van die maand.

(Prys per enkel-eksemplaar 10c)

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer
Registered at the Post Office as a Newspaper

IN HIERDIE UITGAWE

IN THIS ISSUE . . .

- By geleentheid van die begin van die week van gebed vir Christelike eenheid, het ds. Robert Orr (Presbiteriaanse Kerk, St. Andrew's, Pretoria) gepreek in die Anglikaanse Kerk (St. Alban's, Pretoria). Lees veral wat hy gesê het oor Presbiteriaanse beskouinge i.v.m. die biskop. Bl. 3
- Dr. C. J. Labuschagne mediteer oor Hand. 16:9-40: Die triomflied van „verworpenes”. Bl. 6
- Ds. James Moulder sê Christens moet in die praktyk van stofflike hulpverlening aan arm (veral nie-blanke) volke laat blyk dat hulle waarlik „knegte van 'n Kneg” is. Bl. 9
- Is dit slegs „liberaliste” wat hulle oor die verdeeldheid van die Kerk van Christus bekommer? Prof. Keet vertel o.m. in sy rubriek wat dr. Howard G. Hageman van die V.S.A. hieroor sê. Bl. 11
- Mnr. Fred van Wyk bring onder die aandag dat Gesinsdag vanjaar in S.A. as 'n gebedsdag waargeneem moet word, en verduidelik waarom. Bl. 14
- 'n Vertaling in Engels van ds. J. A. Swanepoel se „Belydenis en Getuianis” by geleentheid van sy bedanking as predikant van die Ned. Herv. Kerk word vir ons lesers aangebied. Bl. 15
- On the occasion of the beginning of the week of prayer for Christian unity, the Rev. Robert Orr (Presbyterian Church, St. Andrew's, Pretoria) preached in St. Alban's Cathedral (Anglican), Pretoria. Read in particular what he has said about the Presbyterian view of the Episcopacy. P. 3
- Dr. C. J. Labuschagne meditates on Acts 16:9-40: The song of triumph of the rejected ones. P. 6
- The Rev. James Moulder says that Christians, in the practice of material aid to underdeveloped (especially non-white) nations, must prove that they are really “servants of a Servant”. P. 9
- Is the dividedness of the Church of Christ only the concern of “liberals”? Prof. Keet tells, inter alia, in his column what Dr. Howard G. Hageman of the U.S.A. says about this. P. 11
- Mr. Fred van Wyk focusses our attention on the necessity that, and for what reasons, Family Day in South Africa this year should be observed as a day of prayer. P. 14
- An English translation of the Rev. J. A. Swanepoel's “Confession and Witness” on the occasion of his resignation as a minister of the Ned. Herv. Kerk, is offered to our readers. P. 15

Inleidingsartikel:

Oor 'n Krisis en 'n Kleinigheid

Afgesien van watter politieke beleid in Suid-Afrika gevolg mag word ten opsigte van die allesoorheersende rassevraagstuk, is daar iets wat elke Christen positief kan bydra tot die voortbestaan en saambestaan van alle mense in ons land.

Dit is skynbaar 'n kleinigheid, omdat dit so elementêr is. Maar dit is ook van fundamentele belang — so fundamenteel dat dit selfs van deurslaggewende betekenis kan wees.

Hierdie bydrae lê op die vlak van menslike verhoudinge. Christene sal hulle daarin moet oefen om in lede van ander rasse volwaardige medemense te herken en te respekteer. Met woord en daad en houding sal hulle moet laat blyk dat die beoefening van naasteliefde oor die rassegrens heen, vir hulle opregte en vreugdevolle erns is. Tegelyk moet hulle daardeur in ons veelrassige samelewing die voorbeeld stel van die enigste lewenshouding wat sowel betaamlik as heilsaam vir almal is.

Ons noem dit 'n kleinigheid, maar bedoel eintlik dat dit vir Christene so elementêr is dat dit vanselfsprekend is. Om daarvoor te wil redeneer, is futiel. Tog is dit van die uiterste belang in die optrede van elke landsburger in die feitlike situasie van ons veelrassige samelewing.

Christene moet ook realiste wees (en in 'n bepaalde samehang van gedagtes kan dit ook beteken dat hulle eerlik moet wees) wat hulle optrede in die konkrete situasie van die hede nie laat bepaal deur enige ander toekomsvisioen as dié van die komende koninkryk van God nie. Realisme en eerlikheid in Suid-Afrika vandag beteken dat ons dit as 'n voldonge feit moet aanvaar dat ons 'n gemengde bevolking in permanent gevestigde sin is. Die grootste reële vraagstuk in ons land op die oomblik, en na alle waarskynlikheid tot in die verre toekoms, is nie hoe blank en nie-blank apart kan bestaan en apart gehou kan word nie, maar hoe hulle in harmonie kan saamlewe. En daarvoor bied 'n samelewingsordening op die grondslag van Christelike naasteliefde en geregtigheid, en uitsluitlik dit, die enigste en tegelyk die skoonste oplossing.

Ons hoef inderdaad nie ver en diep na die oplossing te gaan soek nie. Wat vir enige owerheid wat aan bewind mag wees en met die vraagstuk te worstel het, die lojaalste steun is wat hy maar kan begeer, is 'n lewenswyse volgens die basiese, elementêre beginsels van naasteliefde soos die Bybel dit aan ons leer. Ten spyte van al die onheilige verdagmaking van hierdie soliede stuk Christelike getuienis as „liberalisme“ en „linksheid“, en selfs as „'n verderflike koers“ en „kettery“, sal dit, ook wat die betekenis daarvan vir rasseverhoudinge in Suid-Afrika betref, vroeër of later onteenseglik blyk dat die beste Christen die beste burger is.

Onder Christene behoort daar geen botsing van menings te wees oor wat ons houding teenoor enige

mense in die samelewing moet wees nie. Daarvoor is die boodskap van die Skrif eenmaal té duidelik. Dat die waarheidstoets of ons waarlik dissipels van Jesus is, nie lê in indrukwekkende demonstrasies van deugde wat lê op die vlak van godsdienstige uiterlikheid en selfverheerlikende offervaardigheid nie (van die spreek van die tale van mense en engele af tot by die uitdeel van al ons goed en die oorgawe van ons liggame om verbrand te word), maar daarin of ons liefde onder mekaar het, is 'n elementêre, basiese Christelike waarheid. So ook dat, terwyl die aanspraak om God lief te hê selfmisleidend is as die broeder gehaat word, daar tewens geen waarheid is in die pretensie van naasteliefde as die gebod kondisioneel verwing, selektief toegepas en in die radikaliteit wat Jesus daaraan gegee het, ontken word nie.

Juis omdat dit tot die kleinighede, of liever: tot die elementêre, die basiese, die vanselfsprekende van die Christelike geloof behoort, is dit so verbysterevend dat daar in sekere kerklike kringe en selfs deur amptelike kerklike instansies in ons land so fel, ja, so fanaties gereageer word teen 'n beklemtoning van hierdie waarhede. Die optrede van owerheidsfigure, met name ook van ons Eerste Minister, moet hierdie kerkmanne en kerklike instansies gewis beskaam.

In die afgelope paar weke het iets van hierdie reaksie hom weer skerp laat voel sowel in die Ned. Geref. Kerk as in die Ned. Herv. Kerk. Dit is sekerlik nie 'n oorvereenvoudiging van die saak nie, maar 'n aanduiding van die kern waar alles om gaan as ons beweer dat in al die lawaai rondom die Christelike Instituut sedert sy stigting en in al die beroeringe in die Ned. Herv. Kerk sedert die onregmatige skorsing van prof. A. S. Geysers in 1961 tot by die bedanking en summiere skorsing van ds. J. A. Swanepoel enkele weke gelede, dit hierdie fanatiese reaksie is wat hom laat geld teen die beklemtoning van die elementêre Bybelse beginsel van naasteliefde. Vroeër of later sal dit moet uitkom — dit is vir baie trouens reeds duidelik — dat al die geraas oor kettery en dwaalleer in kerklike kringe gedurende die afgelope ses, sewe jaar niks anders as die loutere onsin en slae in die lug is nie. In die grond van die saak het dit in al die kerklike beroeringe, waarin harde slae toegedien en bitter leed veroorsaak is, waarin mense geestelike en liggaamlike knoue toegedien is, en as gevolg waarvan hier en daar kosbare kragte vir die geestelike opbou van ons volkslewe verlore gegaan het, gegaan om 'n paniese skrik vir die implikasies van die goddelike evangelie vir ons lewe vandag in Suid-Afrika.

As dit 'n Christen nie pas om met bitterheid te spreek en verwyte te slinger nie, sal dit seker in ooreenstemming met die liefde wees om met sekerheid te sê dat die getuienis aangaande hierdie basiese Christelike waarhede waarteen daar tans nog in sekere kerklike en politieke kringe gevloek word, vroeër of later as die enigste koers aanvaar

sal word waarin die heil van Suid-Afrika gesoek en gevind kan word.

Intussen is dit pure selfregverdiging as iemand wat hom steeds as een van die kerklike voorbokke laat ken in die veroorsaking van die pandemonium oor basiese Christelike waarhede, vroom probeer beweer dat daar nie van 'n krisis in die kerk gepraat kan word nie. As elementêre evangeliese beginsels deur 'n sinode tot dwaalleer verklaar word; as daar officieel-kerklik met klaarblyklike onreg gehandel word om wat reg is teen te staan; as naakte en onverbloemde onwaarhede officieel-kerklik geduld en beskerm word; as kritieklose konformering aan kerklik-ekstremistiese politieke beskouinge 'n regverdigingskrag in die kerk verkry wat meer as die bloed van Jesus die sonde bedek, is dit nie 'n ernstige krisistoestand nie, ongeag hoe

wyd die kring mag wees waarin dit as 'n krisis ervaar word?

Tog glo ons dat die goeie uiteindelik daaruit sal voortkom. Baie oë het al oopgegaan, en geleidelik begin die besef posvat dat dit miskien nog die grootste van alle dwalinge is om wat sleg is, goed te noem en wat goed is, sleg (Jes. 5:20).

Dit is 'n onbetwisbare „kleinigheid" in die Christelike getuienis dat die houding teenoor die medemens deur die Bybelse eise van naasteliefde bepaal moet word; dit is elementêr. Dááror — oor niks anders nie — was die kerklike toneel in Suid-Afrika die afgelope aantal jare een van onrus en beroering. Maar die belang van hierdie kleinigheid kan moeilik oorskat word. Dit kan beslissend blyk te wees vir die heil van gans Suid-Afrika.

Editorial:

On a Crisis and a Triviality

Apart from whatever political policy may be followed in South Africa with regard to the preponderant racial question, there is something which every Christian can positively contribute towards the continued existence and the co-existence of all men in our country.

On the face of it, it is something trifling, because it is so elementary. But it is also of fundamental importance — so fundamental that it may prove to be decisive.

This contribution lies on the level of human relations. Christians will have to become trained in the recognition and respect of members of other races as fellow-men in their own right. In word and action and attitude they will have to give proof that the practice of neighbourly love across the racial barrier is for them a matter of utmost and joyous sincerity. Simultaneously they thereby have to set the example in our multiracial society of the only attitude to life which is both proper and beneficial for all.

We call it something trifling, but really mean that it is so elementary for Christians that it is self-evident. Any argument about it is futile. And yet it is of the utmost importance in the conduct of every citizen in the factual situation of our multi-racial society.

Christians must also be realists (and this, in a certain context, may also mean that they must be honest) who do not allow their conduct in the present concrete situation to be determined by any other vision of the future than that of the coming kingdom of God. In South Africa to-day, realism and honesty implies that we should accept it as an accomplished fact that we are a mixed population in a permanently established sense. The most real problem in our country at the moment, and probably right into the distant future, is not how white and non-white can exist separately and be kept separate, but how they can live together in harmony. And to this problem an arrangement of society on the basis of Christian charity and justice, and this exclusively, offers the only and at the same time the finest solution.

We do not, in fact, have very far to seek for this solution. The most loyal support any government which may be in power and has to struggle with this problem, can desire is a way of life in accordance with the basic, elementary principles of neighbourly love as taught us by the Bible. In spite of all the unholy casting of suspicion upon this substantial part of Christian witness as though it represented "liberalism" and "leftism", and even as "a pernicious course" and "heresy", it will most unquestionably prove sooner or later, also in its relevance to race relations in South Africa, that the best Christian is the best citizen.

Among Christians there should be no clash of opinions with regard to what our attitude towards any man in society should be. The message of Scripture is far too explicit for this. It is an elementary, basic Christian truth that the true test of our real discipleship of Jesus does not reside in impressive demonstrations of witness which are on the level of superficial religiosity and a self-glorifying willingness to make sacrifices (all the way from the speaking of the tongues of men and angels to the distribution of all our possessions and the submission of our bodies for burning), but in our having love for each other. By the same token, apart from the claim of loving God being self-misleading if the brother be hated, there is, furthermore, no truth in the pretension of neighbourly love if this commandment be conditionally distorted, selectively applied and essentially denied in the radicality with which Jesus imbued it.

For the very reason that they belong to the trifling things, or rather to the elementary, the basic, the self-evident elements of Christian faith, it is so perplexing that there should occur such a harsh, indeed, such a fanatical reaction to an emphasis upon these truths in certain church circles and even on the part of official ecclesiastical authorities in our country. The recent conduct of the governing authorities, specifically of our Prime Minister, must surely put these churchmen and ecclesiastical authorities to shame.

During the past few weeks, something of this

reaction again made itself sharply felt in both the Ned. Geref. Kerk and in the Ned. Herv. Kerk. It is certainly no over-simplification but an indication of the gist of the whole matter, if we contend that, in all the brouhaha around the Christian Institute since its establishment, and in all the commotions in the Ned. Herv. Kerk ever since the unjust suspension of Professor A. S. Geysers in 1961, right up to the resignation and summary suspension of the Rev. J. A. Swanepoel a few weeks ago, it was this fanatic reaction against the emphasis upon the elementary Biblical principle of neighbourly love which asserted itself. Sooner or later it must become evident — for many it is already all too clear in fact — that all the blustering about heresy and doctrinal error in church circles during the past, six, seven years, was nothing but rank nonsense and a jousting with windmills. Basically what it was all about in all these ecclesiastical commotions, in which harsh blows were dealt and bitter sorrow caused, in which some sustained severe knocks in body and in spirit and as a result of which precious talents for the spiritual strengthening of our national life occasionally got lost, was a panicky fear of the implications of the divine gospel for our life in South Africa to-day.

If it does not befit a Christian to speak with bitterness and to cast reproach, it will surely be in accordance with love to state with certainty that the witness concerning these basic Christian truths against which certain ecclesiastical and political circles are still fulminating, will sooner or later be accepted as the only course along which the welfare

of South Africa can be sought and found.

In the meantime, it is pure self-justification when a man who is publicly in the forefront in causing this pandemonium on account of basic Christian truths, piously tries to assert that there can be no talk of a crisis in the Church. When elementary evangelical principles are declared heretical by a Synod; when official church action is resorted to with patent injustice to resist what is right; when rank and unvarnished untruths are officially tolerated and defended by churches; when unquestioning conformity to ecclesiastically extremist political views is acquiring a justificatory power within the Church which cloaks sin more than the blood of Jesus, is this not a serious state of crisis, irrespective of how large the circle may be in which it is experienced as a crisis?

Nevertheless we believe that good will ultimately be born from it. Many eyes have already been opened, and gradually the realisation is beginning to dawn that it is perhaps the greatest of all heresies to call what is evil good, and what is good evil (Is. 5:20).

It is undoubtedly "something trifling" in Christian witness that one's attitude towards one's fellow-man should be determined by the Biblical demands of neighbourly love; it is elementary. It was on this score — and no no other — that the church scene in South Africa during recent years has been one of unrest and turmoil. But the importance of this triviality can hardly be overrated. It may prove to be decisive for the welfare of the whole of South Africa.

A PRESBYTERIAN ON AN ANGLICAN PULPIT

THE REV. ROBERT ORR

(Sermon delivered in St. Alban's Cathedral, Pretoria, Evensong, Sunday, 7th May, 1967, on the occasion of the beginning of the week of prayer for Christian Unity. Heading provided by the editor.)

When my very good friend, the Dean, invited me to preach he suggested that I should take one particular aspect of the discussions going on between our churches and expand on that, rather than speaking generally about the need for unity. This I am very willing to do and this I plan to do. But I cannot help saying something, however brief, at the beginning on the need for unity. When it comes to this matter of the need for unity, I confess I am a man with a one-track mind, like Jeremiah, who, when he tried to button up his mouth so that the Word of the Lord would not be spoken, had to confess that "there is in my heart as it were a burning fire shut up in my bones, and I am weary with holding it in and I cannot."

UNITY GOD'S DEMAND

I am utterly convinced, you see, that God wants unity for his Church on earth. I am persuaded by Christ's prayer on the night before his death. I am persuaded by Paul's blistering words condemning the divisive cliques in the congregation at Corinth. I am persuaded by Paul's vision of the gifts given to every member of the Church being used for the benefit of the whole Church. I am persuaded that a Church commissioned to preach re-

conciliation to the world must first know reconciliation in its own life. I am persuaded by such mundane matters as the waste of the money which you — faithful members of the Church — put into the offering plate week by week, only to see it going to put up two church buildings and pay the stipends of two ministers where one building and one minister would be quite enough. Do you wonder that I have an itch for unity when I see and think about these things?

When I think of it this way, I am sorely tempted to describe our divisions as absurd and ridiculous. Certainly to our spiritual ancestors our situation would have been quite, quite incredible. Look at it: members of different denominations in the same community, virtually ignoring one another as Christians. We do business together. Our children attend the same schools. We meet one another at rugby tests and political meetings. Our sons and daughters intermarry. But even though we care very little for the differences between our churches, we do not break bread together at the Lord's Table — indeed the rule of our churches may forbid us to do so. We do not together bring the Christian faith to bear on the life of our community and country because, while we may know one another as decent citizens and may be informed about one another's church membership, we have no church living together. If we pray together, it is quite likely to be on

Church Square on the anniversary of the Republic. This is the situation we take for granted! To Paul it would have seemed intolerable, utterly at variance with our Christian profession. No wonder he splutters with indignation and amazement when there is even a hint of division at Corinth. Do you remember how agitated he became at any suggestion that Jewish Christians should not worship with and eat with Gentile Christians? This was the issue on which Paul stood up to Peter, on which, as he says, "I opposed him to his face . . . before the whole congregation". What a spectacle that must have been — these two giants of the early Church speaking strong truth in love to one another in full view of the Christian community!

I have, as I confess, a fiery itch for unity. But this does not mean that I can remove the obstacles in the way of unity by waving a magic wand. These are obstacles that must be worked at with patience, understanding and, above all, love.

PRESBYTERIAN VIEW OF THE BISHOP

One of the obstacles — and here, of course, I come very much closer to doing what the Dean has asked me to do — is our understanding of the ministry within the Church. Let me make it clear that I am quite convinced by the Anglican, Lutheran, Roman, Presbyterian and other theologians who insist that the whole Church shares in the ministry of Christ to the world, that every Christian is a minister to other men, a servant of other men for Christ's sake. This, so I believe with all my heart, is true. It is also true that it is in our understanding of the special ministries within the Church, in our understanding of the servants of God's people, the clergy, that most of the thorny problems arise when it comes to uniting churches.

Let me focus it down to one matter only — the matter of bishops, and how we understand their place and function within the Church. To some Presbyterians, I'm afraid the word "bishop" is as a red flag to a bull, almost a dirty word — for reasons I will pass on to you in a moment. To a few Presbyterians unity is so precious that they are prepared to accept bishops, archbishops, cardinals and popes if only the cause of unity may be served thereby. Most Presbyterians fall somewhere in between. Those

who have been doing some thinking about this have, by and large, come to the very practical conclusion that since unity is something that involves the whole Church, and since the vast majority of Christians in the world today — Romans, Anglicans, Orthodox, Lutherans and Methodists — not only have bishops but seem to be very content with them, then bishops we must have. Nor is this said with any hint of reluctance or bad grace. For we have seen other things about bishops that we had not seen before. We have seen, above all, the value of a bishop as a minister to ministers, as a pastor of pastors, as a father-in-God to whom ministers can turn for counsel, advice, spiritual guidance and plain practical help. My early days in the ministry are not all that far behind me, and I remember very clearly how many problems a young minister has to tackle, how inadequate he feels to deal with them, and how he longs for the listening ear and open heart into which he can pour his troubles and misgivings and — yes — his mistakes and follies. Speaking personally, I would rate the bishop's pastoral function as the number one priority. While we see this and value it, there is one rather important practical problem that remains. The bishop is the pastor of pastors, their counsellor and adviser in times of trouble. But, unless the bishop is superhuman, he surely has problems and troubles of his own. Who, then, is the bishop's pastor? It may well be that you Anglicans have solved this problem. I, for one, would be greatly interested to know the answer to it.

We have also begun to glimpse the value of the bishop in another direction. He is, we can see, the centre and focus of the unity of the Church, the visible expression of the unity of the Church. By his action in confirmation, he makes it plain as a pikestaff that these young people are members, not just of a local congregation, but of the wider Church. Through him, ministers and people of the diocese are, it seems to me, bound together in a living, personal relationship. Through him the needs and concerns and problems of one part of the diocese become the needs and concerns and problems of the whole diocese. Not only so. Through him, and through his personal relationships with bishops in other

parts of the country and indeed in other parts of the world, the diocese is made aware of its links with the Church universal. It works the other way round too: through the bishop, the Church universal is made aware of that part of the Church to which he ministers.

We have also seen the value of the bishop when it comes to the mundane matter of making decisions and bearing responsibility for them. Here, some Presbyterians are greatly worried about the set-up in the Presbyterian Church. Someone has said that the Presbyterian Church has more committees to the square inch and more meetings per minute than any other Christian body. Many of us are concerned that this business of governing the Church through committees is — not exactly **wasting** time, for the jobs have to be done, but certainly **devouring** time and diverting it from tasks like reading and prayer. It seems to us that many committee decisions could be committed to the bishop instead, so that the other clergy can get on with the job. Further, when a committee makes a decision and it turns out to be wrong, even disastrously wrong, there is not terribly much one can do. The chairman of the committee can always shrug off the responsibility by passing the buck to his committee — and you cannot really discipline a committee. We need, it seems to me, someone who, while he will take advice from others, will nevertheless be responsible for the decisions and their consequences.

UNFORTUNATE

Some Presbyterians, I say, are beginning to glimpse the value of the bishop's rôle. Beginning to glimpse, because obviously one cannot really appreciate a bishop unless one has worked with and under him.

But all the same, I must ask you to bear with us Presbyterians while we work this whole thing out, even if we take a rather long time doing it. I did say earlier on that to some Presbyterians the word "bishop" is as a red flag to a bull. There is good historical reason for this attitude. The Church of Scotland, is, as you know, the mother of many Presbyterian Churches including our own in Southern Africa. (Perhaps I should add that practically all the daughters have now grown up and are sometimes quite critical of mother!) The Church of Scot-

land's experience of bishops was, to say the least of it, unfortunate. The century following the Reformation in Scotland saw the Stuart kings making a determined attempt to impose the royal will on the Scottish Church through the bishops, and an even more determined resistance to this imposition on the part of the Scottish people. This led to bitter and violent struggles which stained Scotland's soil with blood, and the memory of these killing times has seared its way into the minds of many Scots, and hence of their spiritual cousins. If you think I am raking over the dust of battles long since fought, that all this does not concern us, I am afraid you are wrong. When, just over ten years ago, Anglicans and Presbyterians in Britain published their hopes and plans for church union, including a structure of the ministry that would have bishops in it, it was possible for the sensational press in Scotland to raise the furious cry that the Church and the people of Scotland were in deadly danger. Bishops were once again — so they said — threatening the spiritual freedom of the Church. Naturally a lot of what was just sheer nonsense, all guff and hot air, but the fact remains that these particular plans for union in Britain suffered a severe setback at that time. There is, in the minds of many Presbyterians, a vague fear of bishops which will take some time to remove.

One thing that will increase that fear is the view of some Christians who stoutly maintain that if you do not have bishops, then you do not really have a proper ministry and therefore do not really have a Church. You may have a kind of vague association of Christians met together for religious exercises, but you cannot really call this a Church since it has not a proper ministry nor proper sacraments. If anything is calculated to make other Christians bristle, this is it. Even in the Roman Catholic Church, where one would expect to find this view most strongly championed, there are those who believe that the non-Roman denominations cannot simply be dismissed as "communities", that there is something of the Church about them which must be recognised. It is also significant that the view "no bishops, no church" is not official Anglican teaching, since there are many

Anglicans who do not hold to it. The famous declaration of the 1920 Lambeth Conference of Anglican bishops uses the word "Communion" to refer both to episcopal and non-episcopal bodies.

In view of all this, it is something to be grateful for that the Conversations on Church Unity when they issued their statement on the ministry included a sentence or two to the effect that since the episcopal order originally came into existence without reference to any one theory of its nature or authority, we cannot impose any one such theory to the exclusion of others.

IGNORANCE

Questions of doctrine and our different interpretations of doctrine are not the only obstacles on the way to unity. Perhaps the greatest obstacle is our shameful ignorance of one another, our lack of accurate knowledge about one another, and, consequently, our suspicion of one another, for we fear that which we do not know. I realise that there are many Presbyterians who are very vague about Anglicans, but I have also come across many Anglicans who have some dangerously woolly ideas about Presbyterians. During these last few minutes, let me try to dispel some of these bogies, some of these wrong ideas that you have about us.

One false idea is that Presbyterian ministers always preach long sermons! If I am not careful, this sermon tonight will be giving you precisely this idea, so let me say here only that Presbyterian church members are just as uncomfortable as yourselves with a sermon that wanders over the twenty minute mark.

Wrong idea number two is that the Presbyterian Church is a Scottish Church. It is quite true that the Presbyterians in this country began as a largely Scottish Church, but this Scottish flavour is fast disappearing. With very few exceptions, all the men entering our ministry in the last twenty years have been trained in South Africa and were, for the most part, born in South Africa. Today the ranks of our ministry have a fair sprinkling of names immediately recognisable as South African.

Wrong idea number three is that the Presbyterian Church of Southern Africa is an "apartheid church". This is not true. We

have a sizeable non-European membership and ministry, and non-white ministers and elders have an equal voice and vote in Church courts like presbytery and general assembly. We are very close now to organic union with two other Presbyterian churches — the Tsonga Presbyterian Church and the Bantu Presbyterian Church — and the united Church will have something like 72,000 Africans and 32,000 Europeans, with a significant majority of Africans in the General Assembly. It is true that there is a wide gap between white and non-white clergy stipends, but we are not at all comfortable about this gap and we are doing our best to make it smaller.

Wrong idea number four is that the Presbyterian Church is a Calvinistic church, committed to the Westminster Confession, including predestination. It is quite true that we honour Calvin, but this by no means implies that we refuse to accept theological development since then. There is in the ranks of our ministry a wide variety of theological conviction all the way from a catholic high churchmanship to evangelical fundamentalism. Among our ministers you will find disciples of Barth and Bonhoeffer, Tillich and Niebuhr. As far as the Westminster Confession is concerned, I believe that one Anglican at least holds the view that we Presbyterians are bound hand and foot to the Westminster Confession. This is simply not true. The Presbyterian Church of S.A. has its own Confession of faith, and we are, in any case, not bound hand and foot to our subordinate standards. We are bound hand and foot only to Jesus Christ. As far as predestination is concerned, I have been a Presbyterian for more than a quarter of a century and the only place I have heard predestination even discussed was at Rhodes University where I trained for the ministry.

This sermon is already too long. Let me end with four sentences. There was perhaps a time when it may have been necessary to divide the Church in order to emphasise some vital aspect of the Gospel which was being neglected. As far as Anglicans and Presbyterians are concerned, that time is past. We could not be betraying the Gospel by uniting. Indeed I believe it is the very Gospel we are charged to proclaim that impels us to unity.

DIE TRIOMFLIED VAN VERWORPENES

'n Besinning oor Handeling 16 : 9 - 40.

DR. C. J. LABUSCHAGNE

Wie die Bybel nie ken nie en sy boodskap nie verstaan nie, sal aanstoot neem aan die opskrif hierbo. Dit bevat 'n teenstrydigheid. Wie kan 'n oorwinningslied sing as hy deur die gemeenskap verwerp en veroordeel is? Wie kan aanspraak maak op triomf as hy die slegste daarvan afgekome het? Is dit nie waansin en verwaandheid nie? 'n Triomflied veronderstel immers oorwinning en blydskap, en dit pas alleen in die mond van die wennende party. Hoe kan die verworpene wat as 'persona non grata' deur die gemeenskap veroordeel, vervolgt en uitgebani is, 'n oorwinningslied sing? Hoe kan iemand wat hom om middernag in die gevangenis bevind met skrypende wonde en strieme aan sy liggaam, met sy voete in die blok en wetende dat hy as 'n oproermaker en misdadiger veroordeel is, 'n loflied sing? Wie die Bybel ken en sy boodskap verstaan, sal weet dat dit kan, dat die Here Jesus self as veroordeelde, verworpene en uitgestotene, as een wat so sleg daarvan afgekome het dat Hy as oproermaker en misdadiger aan die kruis opgehang is en gesterf het, juis getriomfeer het, dat Stéfanus buitekant die stad uitgewerp en gestenig is en as oorwinnaar gesterf het met 'n gebed op sy lippe om vergifnis vir sy moordenaars.

BYBELSE WAARHEID

Ons opskrif bevat 'n groot Bybelse waarheid, daardie waarheid dat dit salig is om ter wille van die Here vervolgt te word, dat die gelowige wat saam met Hom ly saam met Hom verheerlik word, dat wie deelgenoot is aan verdrukking, vervolging en gevaar ook deelgenoot is aan die oorwinning, dat almal wat godvrugtig wil lewe in Christus Jesus vervolgt sal word maar dat die Here hulle uit alle vervolginge sal verlos. Maar ons opskrif het ook sy beperkings en voorbehoude: dit is alleen van toepassing op diegene wat op grond van hul geloof in Christus en deur hul verbondenheid aan die Evangelie en as gevolg van hul gehoorsaamheid aan die Woord van God deur die mense verwerp en vervolgt word. Alleen diegene wat in geloofsgheoorsaamheid onder alle omstandighede vashou aan die een waarheid van die een Evangelie en deur die genade van God trou hul dissipelskap beoefen, kan onder die druk van vervolging en in die eensaamheid van verwerping deur die mense 'n triomflied sing. So was dit met Paulus en Silas die geval toe hulle as verworpelinge, veroordeeld en beledig en geslaan, omstreeks middernag in die gevangenis te Filippi gebid en lofliedere tot eer van God gesing het: die triomflied van verworpenes.

„WYSE RAAD”

Hoe het dit gebeur dat hierdie twee mense, wat met die beste bedoelinge, nl. om die Evangelie te verkondig, na Filippi gegaan het, deur die bewoners van dié stad beskuldig, veroordeel, mishandel en verwerp is? Het hulle hul misdra of gesondig teen die gemeenskap? Het hulle as vreemdelinge op Macedoniese bodem deur hul optrede die indruk geskep dat hulle die maatskaplike orde van die stad willens en wetens wil kom versteur en omverwerp, dat hulle oproer wil kom kraai en 'n rewolusie beplan? As ons sou dink dat hulle hierdie indruk geskep het en hierdie dinge beoog het, dan sou ons hulle goeie raad kon gegee het toe hulle in Filippi aangekom het. As ons van oordeel sou wees dat hulle anders kon opgetree het en dat hulle nie versigtig in hul optrede was nie, dan sou ons, as ons daar teenwoordig was, hulle tot versigtigheid gemaak het. Ons advies in daardie geval sou wees: Dink daaraan, julle is nou nie meer in Asië nie, maar op Europese bodem; wees tog versigtig want hier in Macedonië het die mense, hoewel hulle net soos julle Romeinse burgers is, tog hul eie lewenswyse, sedes en gewoontes wat julle moet respekteer en in ag neem; pas tog op, moenie gaan inmeng in hulle tradisionele lewenswyse nie, want hulle woon hier al

ceue en hulle weet teen hierdie tyd wat hulle wil en hoe hulle wil lewe; moet tog nie kritiek uitspreek nie, want die mense hier hou daar niks van nie, veral as dit deur vreemdelinge gedoen word; verkondig gerus die Evangelie, want daarvoor het julle gekom, maar pas tog op om tog niks te sê wat moontlik kan aanstoot gee nie — die mense hier is baie gevoelig omtrent bepaalde dinge — julle sou deur taktlose optrede die mense teen julle kry en alleen bereik dat julle die stad uitgesit word en dat julle planne om die Evangelie te verkondig verongeluk word; wees tog nou verstandig en doen tog niks meer as net die Evangelie verkondig nie! Dit sou ons wyse raad aan Paulus en Silas gewees het, want dit is dieselfde raad wat ons aan mense in ons eie land gee. En dit is dieselfde advies wat ekself meer as tien jaar gelede van 'n welmenende kollega gekry het kort voor my bevestiging as predikant, toe hy my gemaak het om tog nooit oor sending te praat nie omdat die mense daar vierkantig teen gekant is en om tog nooit die mense in hul politieke lewe te kritiseer nie omdat dit vir hulle iets heiligs is.

ONVERMYDELIKE KRISIS

Gelukkig was ons nie teenwoordig te Filippi om Paulus en Silas ons welgemeende advies aan te bied nie, en dié advies word, goddank, ook nie gevra nie. Bowendien het Paulus en Silas dié soort advies nie nodig gehad nie, omdat hulle tog niks anders in Filippi wou kom doen as net die Evangelie bring nie. As gaste het hulle hul voorbeeldig gedra, taktvol, geduldig en liefdevol met die mense omgegaan en niks meer en niks minder gedoen as die Evangelie van Jesus Christus verkondig nie. Maar daardie Evangelie, omdat dit die ware Evangelie en die volle Evangelie was, het konsekwensies gehad en dit het, soos elke lewende Evangelieverkondiging oral ter wêreld, reperkussies gehad vir hoorders sowel as vir ver-

kondigers. Waar die Evangelie van Jesus Christus in sy volle breedte en diepte in die menslike samelewing ingedra word, ontstaan 'n krisis: die waarheid van God kom te staan teen menslike valsheid, leuenagtigheid en bedrog, die Logos (Woord) van God kom te staan teen die ideologie van die mens, die Gees van God kom te staan teen die geeste wat mense se lewens beheers, die Evangelie kom te staan teen magte en geeste wat die gang van die Evangelie bleemmer. In hierdie krisis wat 'n konfrontasie van magte en geeste is, is dit onvermydelik dat mense diep geraak word, seerkry, aanstoot neem, fel reageer en ook seermaak. Die eerste tekens van hierdie krisis is verontrusting en beroering, wat onder bepaalde omstandighede kan lei tot oproer en geweld.

Dit is wat in Filippi gebeur het. Die tragiese en bedroewende van die geval was dat die Evangelieverkondigers, die apostels van vrede, verantwoordelik gehou is vir die oproer wat ontstaan het. Die aanklag teen hulle was dat hulle die stad in opskudding bring omdat hulle Jode is en sedes verkondig wat vir die Romeinse burgers van Filippi onaanvaarbaar is. Die aanklag het 'n politieke kleur en politieke sentimente word uitgebuit om momentum aan die agitatie te gee. Dat hierdie beskuldiging totaal vals is, maak natuurlik nie saak nie so lank dit maar sy doel dien. Die gebruik van valse beskuldigings is 'n ou gevestigde en beproefde taktiek van agitators, wat met groot welslae toegepas is by die veroordeling van Jesus, Stéfanus en baie ander in die loop van die eeue en wat vandag nog met skynbare welslae aangewend word.

Ons het hierdie dinge die afgelope agt jaar in ons eie land ondervind: toe die Evangeliese getuïenis in verband met rasseverhoudinge hier te lande onomwonde en duidelik gestel is op kerklike vergaderings, in die boekie 'Vertraagde Aksie' en op die Cottesloe konferensie, het 'n krisis ontstaan wat beroering en verontrusting en helaas ook agitatie veroorsaak het. Die beskuldigings wat sedertdien na die hoofde van die uitgesproke getuïes geslinger is, het 'n onmiskenbare politieke kleur gekry en namate die agitatie toegeneem het, het welvoeglikheid en redelikheid begin wyk voor 'n sistematiese veldtog van verdagma-

king en beswadding. Afrikaners is deur mede-Afrikaners beskuldig dat hulle nie egte Afrikaners is nie maar verraaiers van hul volk; teoloë is deur mede-teoloë beskuldig dat hulle politieke motiewe het en as liberaliste die weg baan vir die antigoddelike ideologie van die Kommunisme.

Hierdie beskuldigings is net so vals as dié wat teen Paulus en Silas ingebring is, nl. dat hulle as Jode die stad in opskudding bring en on-Romeinse sedes verkondig, terwyl hulle net soos die kloeke inwoners van die Balkanskiereiland ewegoed Romeinse burgers was! Agter hierdie flagrante leuens en valshede kan ons egter maklik die ware redes ontdek waarom die apostels vervolgd en uitgewerp is.

DIE WAARSÊENDE GEES

